Ps. 119: 1, 5
Ges. 75: 1, 2.
Ges. 39: 4, 5.

# Arbeid en Loon

Matt ~~19:29–20:16~~ 19:27–20:16

Ark. | 15 Sept. 1963

Matt. 20: 6, 7.– Wat staan julle hier die hele dag ledig? Hulle antwoord hom: Omdat niemand ons gehuur het nie. Hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal julle ontvang.

Inl: Verduidelik verhaal van Kinders oor vader en vyf Kinders (groot – Klein 11, 9, 6, 3, 1 jr) met voorwaarde: Kry sakgeld i.v.m. wat julle Kan doen en wil doen – vermoë en gewilligheid. Trein skommenaak: ons almal se trein – vir ons almal se beskik

Die toneel uit d. hart v.d. lewe: 'n arbeidsburo, groepe arbeiders, werkloses, werkgewer en gesprekke gaan oor arbeid en lone. Mr die metode van betaling hier heeltemal agterstevoor – as fabriekseienaar of bedryf soos die Spoorweë dit moet toepas staak al die werkers behalwe d. vroeë môre! Want dis tog duidelik: dié werkgewer is 'n dwaas!

Dit sê ons totdat ons sien waarom Xtus hd. gelykenis vertel en dan sê ons: dis die enigste manier waarop 'n mens Kan werk! Al ons ander is dwase!

Waar gaan dit hier? U sal onthou: ① ryk jongman wat nie alles wou prysgee en verlaat ter wille v.d. Koninkryk nie ② nou Kom Petrus en sê: Here, maar dis wat ons gedoen het – ons het alles verlaat en U gevolg. Wat gaan ons loon wees? ③ Dan Kom Jesus en gee d. sleutel as hy sê: Onthou: julle werk is in Gods wingerd, dis diens vir d. Here, die werk in sigself is 'n genade en dra dus in hom sy eie vergoeding. Daarom is hier nie sprake van loon volgens werkure nie want die wat

‖ hier werk is nie slawe, mr. Kinders!

Daar is baie waarhede wat Xtus deur hd. gelykenis wil laat uitstraal — ons noem net 3:

I <u>God wil geen werkloosheid in sy Koninkryk:</u>

Het u opgelet hoe hd. werkgewer optree? ~~Het~~ Hoe hy bly beywer om arbeiders vir sy heer se wingerd te kry? Vroeg d. môre is hy reeds op die mark (die buro) om werkers te werf: 3 uur later weer daar — herhaal dit 3 maal tot 3 nm — en asof nog nie genoeg gaan soek hy nog mense 'n <u>uur voor sluitingstyd!</u> Wie anders neem 'n mens om 5 nm. in diens en betaal hom nog d. volle salaris van dd. dag vir 'n uur of 2 se werk?

<u>Waarom doen hy dit?</u> Omdat Xtus ons wil laat verstaan: 1) <u>daar's werk vir elke mens in Gods Koninkryk</u> en 2) <u>die Vader hou niks van leegstaan as 'n mens kan werk nie</u> — „<u>Wat staan julle hier d. hele dag ledig?</u>"

As ons na d. hele patroon van ons huidige kerklike aksie kyk ifd wêr. v/dag, is dit dan nie duidelik dat <u>ons hele begrip van diens ifd Koninkryk eensydig en skeef ontwikkel</u> het nie? Hoeveel duisende lidmate van ons kerke is daar wat <u>geen diens of byna geen diens</u> ifd Kon. verrig nie? wat ledig en passief en belangeloos in die geloofsaksie v.d. Xdom staan — of omdat hulle <u>geen pers. belang</u> het of omdat <u>hulle</u> onder d. <u>verkeerde indruk</u> verkeer dat <u>die geest.? „werk</u> net dié is van <u>predikant, sendeling, ouderling</u>? En is die kerk nie self verantwoordelik vir baie v.d. geestel. werkloosheid v. sy lidmate deur d. verkeerde indruk geskep en deur <u>te min geleenthede</u> vir geest. werk te skep en te help uitbou? <u>Daarom groei sekte</u>! gemeenskappe?

II <u>Die waarde van ons werk lê nie i.t.a hoeveelheid nr. d. grootheid</u> (Nie hoeveelheid maar Kwaliteit)

As u d. gelykenis mooi lees sal u sien dat die huisheer 'n <u>ander salarisreëling</u> het m.d. <u>later groepe</u> werkers as m.d. <u>eerste groep</u>. M.d. eerste word 'n loon-kontrak gesluit, 'n ooreenkoms wir 'n penning op 'n dag ('n goeie loon vir dd. dae) – mr. nie met d. ander nie: aan hulle geen aanduiding van wat hulle sal kry behalwe dit: „<u>wat reg is, sal julle ontvang</u>" Die later groepe moes dus volkome staatmaak op d. goeie trou v.d. werkgewer. By die <u>eerstes</u> gaan dit dus bloot om 'n <u>besigheidstransaksie</u> (met 'n ooreenkoms) – ek gee soveel tyd en ek kry soveel geld – terwyl dit by d. <u>ander</u> gaan om 'n <u>daad van geloof</u>.

Hiermee wil Xtus ons voor 'n geweldige waarheid stel wat dinge in sy Koninkryk so radikaal anders maak as enige ander dinge in enige ander ryk: dat <u>d. gees waarin ons vir Hom werk is d. toets v.d. blywende waarde v. ons werk</u>. Daarom sal baie laastes eerste wees en baie eerstes laaste – omdat hulle dit nie verstaan het nie! ① Mr. vir wie sy verhouding tot d. Heer 'n vreugde is, is dit dus <u>latere vreugde as ander dit ook ontdek en beleef</u> – al is dit baie later in hulle lewens (vreugde van bekering op late uur – 11e uur).

② <u>So 'n werker is dan ook nie jaloers op sy medewerkers as hulle a.d. einde v.d. lewensdag dieselfde loon ontvang nie</u>: Dis net hom nie soos m.d. oudste seun i.t.a Gelykenis v Luk. 15 wat kwaad en ontgeknap was toe d. jonger seun op d. nippertjie huis-toe gekom het nie!

→ Hoe voel u hart oor dié dinge? Is dit soos u werk? Is dit soos u dink?

III Die laaste uur is 'n moontlike ur. gevaarlike uur:

Adck: die wonder v.d. liefde v God wat nog altyd tot op d. laaste die ~~d~~ deur oophou vir sy verlore seun, vir d. moordenaar a.d. Kruis, vir u en my wat d. aanbod v.d. Here vir jare versmaai, ons eie pad loop, ons eie kop volg. Hoe onbegryplik dit ookal is – dit bly maar dat God in sy genade niemand verstoot, niemand verag, niemand verwerp wat in sak en as na Hom kom nie – al is dit ook vyf voor 12! Mr. dan kan ons alleen op hu genade pleit as ons sy uitnodiging vroeër nie gehad het nie! Mr. as ons wel deeglik dit gehoor het – reeds van vroeg die dag op d. mark gestaan het, gehoor het hoe soek die man werkers en elke keer gesê het: Nee ek mag tot d. laaste uur dan ~~loop alles uur~~ speel ek met Gods genade en geduld – ~~[illegible]~~ – want hoe weet ~~ons~~ ek wanneer is d. laaste uur? Moet ek nie eerder antwoord en sê:

Ek het u stem gehoor
wat roep: O Kom ~~tot~~ my –
Sien my kom, o Heer,
Kom tot aan u sy!